N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 6

6 Februarie 2022

Net Christus alleen, of Christus Plus?

Die Here is genoeg. Regtig, Hy is! Maar dit was nie altyd die geval in my eie lewe nie. Ek het gedink Christus is genoeg, maar toe kom ek agter dat ek Hom eintlik meer "nodig" het vir al daardie dinge wat Hy vir my moet doen as wat wat ek regtig net vir Hom wil hê. Hy moes gedurig in al my behoeftes en begeertes voorsien. En hier praat ek boonop van goeie begeertes soos om gesond te wees, reg te lewe en nog bruikbaar vir God te wees.

Op sigself is al hierdie behoeftes goed en reg. Die probleem was net dat ek nie Jesus Christus nodig gehad het net vir wie Hy is of slegs na God se heilige teenwoordigheid verlang het nie. Diep binne in my wou ek gedurig hê Hy moes in al my aardse behoeftes voorsien. Die uiteinde was dat ek behoefte-aangedrewe geraak het wat my geloof betref. Ek het in 'n godsdiensverbruiker van God se hemelse goedheid verander.

Ek het agtergekom: Terwyl die Here vir my gegee het waarvoor ek bid, was ek gelukkig en dankbaar. Maar as dit gelyk het of my gebede onverhoord by Sy hemelse troon verbygaan, was ek langgesig. Toe leer die Here my die les van 'n leeftyd. As Hy op Sy eie nie vir my genoeg is nie, sal ek nooit geestelik groei nie. Anders gestel: Geestelike groei behels om my fokus te verskuif van alles wat God vir my moet doen tot op Hom wat altyd en orals GENOEG is. Groei is om saam met Paulus dit uit te jubel: Vir my is om te lewe Christus. (Fil 1:12) Hy is my lewe, my hoop, my blydskap, my alles. Net Hy!

Kom ons wees eerlik: Ons almal lewe eintlik maar behoefte-aangedrewe. Ons is "wants and needs driven" soos die Engelse sou sê. Toets jou eie gebede- hoeveel daarvan is net met een woord dankie deurdrenk? Hoeveel van jou gebede wil eintlik niks van God hê of vra nie, as en behalwe die voorreg om slegs in Sy heilige teenwoordigheid te mag wees?

Ons moet leer Hy alleen is genoeg. Sy heiligheid, grootheid, liefde, genade, ontferming, nabyheid, skoonheid, heerlikheid en glans is oorgenoeg. Sy teenwoordigheid moet eintlik so oorweldigend wees dat ons net in verwondering by Hom wil sit. Lof en dank moet ons grootste woorde ooit wees aan Sy voete. 'n Diep dankbaarheid dat Hy ons in Jesus se Naam raakgesien en uit ons sondes opgetel het, moet ons gebedstaal van begin tot einde omraam. Dan word ons oorweldig deur ons Hemelse Vader se onuitspreeklike rykdom en genade. Geen plusse meer nie, net Hy en Hy alleen! – Prof Stephan Joubert

Dankie!

Vir die welkome reën oor groot dele van ons land!
Vir die Here se oorvloedige genade!
Dat NIKS vir God onmoontlik is nie!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir wysheid in die onderwys aangaande besluite wat ons kinders se opvoeding aan betref.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – ons dank die Here dat sy nou in remissie is!
- Johan Kotze – vir volkome herstel.
- Carina Haasbroek – Ons dank die Here dat die behandeling hd week klaar is!
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Nadeleen Deguay – vir volkome herstel en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Simon de Beer – het beroerte gehad. Vir volkome herstel en genesing.
- Oom Kristo Serfontein – vir die Here se nabyheid.
- Tannie Susanna Cornelius – vir die Here se nabyheid. Sy is 94 en in die hospitaal.

Gedagte vir die week:

…”Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe, want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe , is vir my wins.” Fil 1:20-21

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org